

VRAESTEL 3

VRAAG 1: Die begrafnis

Lees die onderstaande aanhalings uit *Tuimeltrein* en beantwoord dan die vrae daaroor.

Die Hartbeespoort-begraafplaas het beter dae geken, soos byna alle munisipale eiendomme wat net agteruitgegaan het oor die laaste paar jare. Gras en onkruid is besig om die plek oor te neem en grafstene wat krom en skeefgesak in rye staan, lyk soos 'n verslane weermag wat moed opgegee het.

[bladsy 133]

1.1 Wie word begrawe, en wat was dié persoon se rol in die Hartbeespoort-gemeenskap? **(2)**

1.2 Watter maatskappy voer die begrafnis by die begraafplaas uit? **(1)**

1.3 Wat is dié maatskappy se slagspreuk? **(1)**

1.4 Scooby se ouma het nie die oorledene geken nie. Hoekom woon sy die begrafnis by? **(1)**

Jasper vou die begrafnisbriefie oop en lees: “Die program begin om elfuur. Die dominee doen die nodige grafpraatjies en die draers tel die kis uit die lykwa en dra dit graf toe. Die kis word laat sak en almal kan blomme ingooi. Dan bedank die broer van die ou wat dood is almal. Dan kan ander mense iets moois vertel oor hom, dan eet en drink almal onder die gazebo.”

[bladsy 134, 135]

1.5 Wie is een van die draers by die begrafnis? **(1)**

1.6 Abby se ma is ook by die begrafnis. Hoekom woon sy waarskynlik die begrafnis by? **(1)**

1.7 Watter twee komiese insidente vind tydens die begrafnis plaas? Sê kortliks. **(2)**

1.8 Wat is Scooby se ma se rol by die begrafnis? **(1)**

Jasper en Abby kom verbygehardloop, pluk Henri aan sy arm saam.

Mense skarrel en babbel, geskok oor die ongehoorde optrede op die heilige plek.

Toe hulle in die motor is, trek Jasper met 'n spoed weg.

Die tsunami-effek van alles tref Henri nou eers. Hy verstik in sy eie spoeg en hyg gulsig na asem.

[bladsy 149]

1.9 Wie is die eienaar van die motortjie waarin die drie nou ontvlug? **(1)**

1.10 Wat is die naam van die motortjie waarin hulle ontvlug? **(1)**

1.11 Hoekom sal Henri dit waarskynlik moeilik vind om saam met Abby en Jasper motor toe te hardloop? **(1)**

1.12 Henri verstik in sy eie spoeg en hyg na asem. Wat is besig om met hom te gebeur? **(1)**

1.13 Waar was die drie toe dieselfde ding 'n vorige keer ook met Henri gebeur het? **(1)**

[15]

VRAAG 2: Arme Izzie

Skryf 'n paragraaf van **80–120 woorde** oor Izzie en sy tragiese einde. Beantwoord die onderstaande vrae kortliks in jou paragraaf. Beantwoord ook die ander vrae wat hieronder gestel is.

2.1 Paragraaf

- Hoekom storm die drie leerders Vrydagmiddag by Abby-hulle se motorhuis uit? **(1)**
- Wat gebeur met Izzie ten aanskoue van Abby, Jasper en Henri? Sê kortliks. **(2)**
- Hoekom weet die drie jonges egter nie presies wat daar in die straat gebeur nie? **(1)**
- Wat gebeur met Izzie wanneer Jakkals die skote afvuur? **(1)**
- Hoe weet ons dat Izzie nie onmiddellik sterf nie? **(1)**
- Wat is skynbaar die motief vir die tragedie? Sê kortliks. **(2)**

(8)

2.2 Watter storie vertel Jakkals vir Johannes Breed oor wat gebeur het? **(1)**

2.3 Watter konkrete bewys is daar egter dat Jakkals oor die gebeure lieg? **(1)**

2.4 Waar het Izzie die bussie gekry waarmee hy rondry om roomys te verkoop? **(1)**

2.5 Wat is die bussie se naam? **(1)**

2.6 Izzie is die roomysverkoper, maar hy verkoop nie net roomys nie. Verduidelik hierdie stelling. **(1)**

2.7 Waar het Jonah en Izzie se paaie al in die verlede gekruis? **(1)**

2.8 Van watter naam is die bynaam “Izzie” moontlik afgelei? **(1)**

[15]

VRAAG 3: 'n Onderhoud met 'n toeskouer tydens die Lentefees

'n Joernalis voer 'n onderhoud met een van die leerders wat na *Once upon a time in the North West* kom kyk het. Laat die leerder waar moontlik die vrae beantwoord volgens die feite in die boek.

3.1

Joernalis: “Dis vandag 31 Oktober. Wat vier die Amerikaners op hierdie dag?” **(1)**

Leerder: “...”

3.2

Joernalis: “Waar op die skoolterrein het jy na *Once Upon a Time in the North West* kom kyk?” **(1)**

Leerder: “...”

3.3

Joernalis: “Wie het die kaartjies vir die vertoning verkoop?” **(2)**

Leerder: “...”

3.4

Joernalis: “Wat het Henri en Scooby voor die vertoning by die ingang gedoen?” **(1)**

Leerder: “...”

3.5

Joernalis: “Hoe het die gehoor aan die einde van die film reageer?” (2)

Leerder: “...”

3.6

Joernalis: “Henry is baie lief vir mooi aantrek. Wat dra hy vandag?” (1)

Leerder: “...”

3.7

Joernalis: “Wat het hy aangehad toe hulle op pad na Jonah se huis toe was?” (2)

Leerder: “...”

3.8

Joernalis: “Was daar iets oor Abby, Jasper en Henri toe hulle in die hospitaal was?” (1)

Leerder: “Ja, daar was ...”

3.9

Joernalis: “Hoe het Abby en Henry reageer toe hul ouers vertel hoe lief hulle vir hulle is?” (1)

Leerder: “...”

3.10

Joernalis: “Wat het Abby en Jasper na die vertoning voor al die mense gedoen?” (1)

Leerder: “... Dit was so romanties!”

3.11

Joernalis: “Ek sien daar draai baie mense om Henri rond. Wat is hy besig om te doen nou dat die film verby is?” (1)

Leerder: “...”

3.12

Joernalis: “Hoekom is Scooby die hele tyd by Henri?” (1)

Leerder: “...”

[15]

ANTWOORDE

VRAAG 1

1.1 Camlus van Niekerk. ✓ Hy was vroeër burgemeester van Hartbeespoort. ✓ (2)

1.2 Azazel Funeral Services. ✓ (1)

1.3 “We put the fun back in funeral.” ✓ (1)

1.4 Sy hou baie van die eetgoed wat na ’n begrafnis beskikbaar is. ✓ (1)

1.5 Jakkals/Meneer Vos. ✓ (1)

1.6 Sy het groot bewondering vir die oorledene gehad. ✓ Volgens haar was hy die laaste goeie burgemeester wat Hartbeespoort gehad het. (1)

1.7

- Kobient, Ouma Linah se hond, val op die kis in die oop graf wanneer hy uit Henri-Etta se arms spring. ✓

- Jakkals beland in die oop graf wanneer Ouma Linah hom met haar handsak oor die kop slaan. ✓ (2)

1.8 Sy voorsien eet- en drinkgoed na die teraardebestelling. ✓ (1)

1.9 Ouma Linah. ✓ (1)

1.10 Daisy. ✓ (1)

1.11 Henri dra 'n rok en hoëhakskoene. ✓ (1)

1.12 Hy is besig om 'n angsaanval te kry. ✓ (1)

1.13 In 'n verlate boomhuis in die Sekuriteitskompleks. ✓ (1)

[15]

VRAAG 2

2.1

- Hulle hoor die roomysbussie buite Abby se huis en wil gaan roomys koop. ✓
- Die skoolhoof kom uit sy huis, ✓ stap oor die straat en skiet Izzie dood. ✓
- Meneer Vos en Izzie staan op 'n plek waar die ander nie kan sien wat gebeur nie. ✓
- Hy val agteroor op die teerpad neer. ✓
- 'n Bababoetie/Izzie smee Meneer Vos om op te hou skiet. ✓
- Izzie en Jakkals het woorde gehad in hul weermagdae in Angola. ✓ Izzie is besig om 'n boek daarvoor te skryf en Jakkals probeer publikasie daarvan verhoed. ✓

(8)

2.2 Hy sê drie van sy skoolkinders het vir Izzie doodgeskiet. ✓ (1)

2.3 Jakkals se sekuriteitskamera wys duidelik hoe Jakkals vir Izzie doodskiet. ✓ (1)

2.4 Iemand het vir hom 'n lorrie gegee en hy het dit in 'n roomyskar omskep. ✓ (1)

2.5 Ice Ice Baby. ✓ (1)

2.6 Hy verkoop ook dwelms wat in roomys versteek is. ✓ (1)

2.7 Hulle het saam in die Krokodil-bataljon van die Weermag gedien. ✓ (1)

2.8 Izak. ✓ (1)

[15]

VRAAG 3

3.1 "Halloween" ✓ (1)

3.2 "In 'n markiestent" ✓ (1)

3.3 "Abby ✓ en Jasper" ✓ (2)

- 3.4** “Hulle het draairoomyse met aarbeisous verkoop.” ✓ **(1)**
- 3.5** “Hulle het gefluit ✓ en entoesiasties hande geklap.” ✓ **(2)**
- 3.6** “’n blink pers pak klere” ✓ **(1)**
- 3.7** “’n pers en geel rok ✓ en ’n heldergeel serp op sy kop” ✓ **(2)**
- 3.8** “... onderhoude met hulle in hul hospitaaljurke” ✓ **(1)**
- 3.9** “Hulle het albei begin huil.” ✓ **(1)**
- 3.10** “Hulle het mekaar gesoen.” ✓ **(1)**
- 3.11** “Hy is besig om handtekeninge uit te deel.” ✓ **(1)**
- 3.12** “Hulle is nou in ’n verhouding.” ✓ **(1)**
- [15]**